Varke



Animal Feeds

Itau Animal Feeds se varkvoerreeks is die toonaangewende produk op die mark. Die tegnologie-gedrewe reeks sal verseker dat optimale winsgewendheid bereik word deurdat sôe gesond bly en hul produksievermoë bereik, asook dat groeivarkies vinniger hul gewensde teikengewig bereik.

Groeivarke

Itau gebruik slegs die beste kwaliteit grondstowwe, spesifiek geselekteer vir varkies om optimale groei en gesondheid te verseker. Vir die groeivark word gepoog vir die laagste moontlike voeromsetverhouding.

GROEIVARK-REEKS



312 Itau Pig Creep

Verskaf Itau Pig Creep in kruiphokke aan klein varkies wat nog aan die sog drink. Gebruik die produk vanaf sewe dae ouderdom tot ongeveer 56 dae. Varkies behoort op 28-35 dae ouderdom gespeen te kan word.

313 Itau Pig Starter

Itau Pig Starter kan aan varkies vanaf 50 dae ouderdom verskaf word na kruipmeel. Die produk kan tot op ongeveer 80 dae ouderdom voorsien word, waarna die varkie op Itau Pig Grower gevoer moet word.

314 Itau Pig Grower

Varkies kan op Itau Pig Grower geplaas word vanaf 70 dae ouderdom. Varke word baie dikwels vanuit hierdie fase direk geslag. Die produk kan tot op 120 dae gebruik word.

315 Itau Pig Finisher

Indien die produsent spekvarke produseer, kan hierdie produk vanaf 100 dae tot slag verskaf word.

TEEL VARKE

Sôe en Bere

Die versekering dat klein varkies optimaal gesond is en piek kondisie bereik, asook om die sog se reproduksievermoë te laat piek is direk gekoppel aan die sog se kondisie en voeding tydens dragtigheid en laktasie. Itau se tegnologiese benadering ontgin die sog se vermoë om produksiedoelwitte te bereik.

Itau poog om die werpselgrootte, werpselgewig en speenmassa te optimaliseer asook om vrektes te minimaliseer. Die liggaamskondisie van die sog by speen is 'n belangrike maatstaf waarteen geformuleer word om vinnige herkonsepsie te berwerkstellig en die maksimum hoeveelheid jongsiklusse per jaar te verseker.

316 Itau Dry Sow (Sog en Beer)

- Bereik produksiedoelwitte op 'n eenvoudige manier
- Verseker optimale fetus-ontwikkeling
- Stimuleer ovulasie
- Bewerkstellig korrekte kondisiepunt in verskillende reproduksiestadia
- Spesifieke voerinname beperk die risiko van embrio-afsterwes.

Voer as volg:

Sog

- Speen tot dekking: 3.5kg-4.5kg per sog per dag
- Eerste 3 weke na dekking: 2-2.2kg per sog per dag
- Daarna tot 3 weke voor jonging: 2-3kg per sog per dag
- Daarna tot 5 dae voor jonging: Vermeerder Itau Dry Sow met 0.5-1.0kg per sog per dag.
- Vanaf 5 dae voor jonging, volg die Itau Lactating Sow voeraanbeveling

Beer

- Twee weke voor dektyd, verskaf Itau Dry Sow teen 2.2-2.8kg per jong beer per dag en 1.8-2.2kg per ouer beer per dag.
- Soos die bere meer aktief raak gedurende die teelsiklus, kan voere effens vermeerder word.
- Na dektyd word voer voorsien teen 1.8kg per beer per dag.

Varke

317 Itau Pig Lactating sow

- Spesiaal geselekteerde vette en olies om die energiedigtheid van voer te verseker
- Beter werpselgewig
- Meer uniformiteit van die werpsel
- Verbeterde speenpersentasies
- Beter immuniteit in klein varkies
- Verbeterde melkproduksie en meer vet in die melk van die sog
- Doeltreffende energiebenutting vir die opbou van liggaamsreserwes en melkproduksie.

Voer as volg:

- Verskaf die produk vanaf 5 dae voor jonging teen 2.5kg per sog per dag
- Op dag van jonging, gee slegs 1kg per sog
- Vir die volgende 2 dae na jonging, verskaf 2.5kg per sog per dag en vermeerder dit met 1kg per dag.
- Vanaf 5 dae na jonging, verskaf Itau Pig Lactating Sow volgens die sog se behoefte.
- Speen: Geen voer, slegs water volgens sog se behoefte.

%	Proteïen (min)	Lisien (min)	Metionien (min)	Vog (maks)	Vet (min)	Vesel (maks)	Ca	P (min)
312 Itau Pig Creep	19	1.2	0.35	12	2.5	4	0.8-1.0	0.65
313 Itau Pig Starter	18	1.1	0.4	12	2.5	5	0.75-1.0	0.6
314 Itau Pig Grower	15	0.85	0.3	12	2.5	8	0.6-1	0.6
315 Itau Pig Finisher	14	0.7	0.3	12	2.5	8	0.6-1	0.45
316 Itau Pig Dry Sow	12	0.5	0.3	12	2.5	8.5	0.75-1.2	0.6
317 Itau Pig Lactating Sow	15	0.75	0.3	12	2.5	8	0.6-1.2	0.6

Vervanging-soggies

Nadat soggies op Itau-reeks gespeen is, gaan voort met groeivarke se dieet-voorstel tot op 100kg (ongeveer 24 weke). Gaan dan oor op 316 Itau Dry Sow tot met dekking op 135kg (ongeveer 30 weke).

Varke

Animal Feeds

T: +27 (51) 875 2786/7 | F: +27 (86) 246 7287
Gemsbokstraat 46 | Kwaggafontein | Bloemfontein | 9301
Posbus 11532 | Universitas | 9321

AFMA
SAFE FEED FOR SAFE FOOD
CODE OF CONDUCT COMPLIANCE